

6 Julie

Skrifgedeelte: Openbaring 3:14-22

Fokusgedeelte: DL, 3/4:15

As jy nie uitverkies is nie sal dit jou nie pla nie!

Wat van mense wat nie uitverkies is nie en tog wil glo? Dit is 'n vraag wat gereeld gevra word wanneer daar oor die uitverkiesing gepraat word. Die antwoord hierop is eintlik eenvoudig. Daar is nie mense wat nie uitverkies is nie en tog wil glo. Net so min as wat daar dooie dinge is wat graag wil lewe, is daar mense wat nie uitverkies is nie wat wil glo! Van die mense wat nie uitverkies is nie bely ons: "Die mens wat die genade nie ontvang nie heg geen waarde aan hierdie geestelike dinge nie en skeep net in sy eie dinge behaef of beroem hom sonder om na te dink tevergeefs op wat hy het, terwyl hy niks het nie."

Hierdie gesindheid sien ons baie duidelik by sommige van die Laodisense. Jesus skryf vir hulle (vers 17): "Julle sê: 'Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie,' en julle weet nie dat julle ellendig en beklagenswaardig is nie, arm, blind en kaal." Selfgenoegsaam het hulle gedink hulle het niks van die Here nodig nie en was hulle tevrede om te bly soos hulle is. So dink 'n mens wat nie uitverkies is nie. Ek het niks van die Here nodig nie. Ek wil niks met Hom te doen hê nie. Ek het buitendien geen erg aan geloof nie.

Ons mag natuurlik nie geestelik hoogmoedig wees en neersien op sulke mense nie. Dit is immers net deur God se genade dat ons uitverkies is. Nee, ons moet aanhou bid vir almal wat die Here nie ken nie, ons moet die Woord van bevryding aan hulle bring en ons moet vir hulle 'n goeie voorbeeld stel, want daar kan nog steeds onder hierdie mense uitverkorenes wees wat tot geloof moet kom.

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~